Noordelike Sinode
TAAKSPAN DIAKONAAT
Verslag

1. Opdrag

Die SDR keur die Taakspan Diakonaat goed met die opdrag om te besin oor effektiewe en volhoubare diakonaat in hierdie tyd.

2. Lede van die Taakspan

Aanvanklike Taakspan:
Wynand van Niekerk (sameroeper), Paul Grobler, Rehan Rheeder, Hannes Knoetze en Nioma Venter.

Afvaardiging na beraad:
Wynand van Niekerk, Paul Grobler, Rehan Rheeder, Ronél Aylward, Danie Janse van Rensburg, Riaan Odendaal, Nicky Hattingh, Charlene Grobler, Francois Esterhuizen en Carli Fourie.

3. Uitvoering van die opdrag

3.1. Agtergrond

Die behoefte het ontstaan om te besin oor die diakonale bediening binne die gebied van die Noordelike Sinode. Verskeie faktore het tot hierdie behoefte aanleiding gegee. Uitdagings en vrae sluit onder andere die volgende in:

- Ons leef in ’n tyd met uiteenlopende en ernstige uitdagings in ons samelewing. Dit sluit onder andere werkloosheid, armoede, ongelykheid en geslagsgeweld in. Waarop moet die kerk fokus? Het die Noordelike Sinode ’n duidelike diakonale visie?
- Waarmee is gemeentes besig ten opsigte van diakonale bediening?
- Watter behoeftes het gemeentes ten opsigte van die ondersteuning van hulle diakonale bedienings?
- Daar bestaan verskeie leemtes en uitdagings ten opsigte van skakeling en samewerking tussen gemeentes, ringe en die Sinode aan die een kant en ons professionele maatskaplike organisasies soos die SKDBM, CMRN en diensorganisasies aan die ander kant. Baie van hierdie skakeling was destyds die werk van die SKDB, wat rondom 1994 tot ’n einde gekom het. Die SKDB was ’n kommissie van die Sinode wat in samewerking met ringe (RKDB) die diakonale mandaat van die Sinode bestuur het. Die SKDB was ook die skakel tussen die SKDBM, CMRN en diensorganisasies. Die moontlikheid van ’n hedendaagse diakonale taakspan, of iets soortgelyks wat sekere van hierdie verantwoordelikhede oorneem, moet ondersoek word.


- Daar is verskeie gemeentes en ringe wat effektiewe diakonale bedienings het en verskeie wat hulle eie nie-winsgewende organisasies gestig het. Watter moontlike samewerking is daar?
- Enorme druk op die nie-winsgewende sektor weens dalende staatsubsidies, gebrek aan ondersteuning ensovoorts. Dit bedreig die volhoubaarheid van die Noordelike Sinode se professionele maatskaplike dienste.
- Reëls en regulasies oor geografiese jurisdiksie vir maatskaplike dienste, wat verskeie uitdagings vir sinodale grense teenoor provinsiale grense skep.


3.2. Navorsing

In November 2024 is navorsing gedoen om vas te stel hoe gemeentes se diakonale bedienings daar uitsien, asook watter moontlike behoeftes en geleenthede daar in dié verband is. 'n Vraelys is aan al die gemeentes in die Sinode gestuur en 42 het die vraelys ingevul (responskoers van 38.5%). Ten minste een gemeente uit elke ring het 'n vraelys ingevul. Die uitkomste wat in hierdie verslag uitgelig word, is:

3.2.1. <u>Gemeentes stig hulle eie Nie-winsgewende Organisasies (NWO)</u>

Daar is 'n duidelike onder hierdie gemeentes van gekoppelde nie-winsgewende organisasies (NWO's). Dit is NWO's wat hulle óf self gestig het óf waarmee hulle primêr skakel. Dit is organisasies buiten die tradisionele sinodale organisasies, soos CMR of Rusoorde. Dit is veral op die platteland die geval. Hierdie gemeentes en hulle gekoppelde NWO's is nie geneig om maatskaplike werkers in diens te neem nie.







3.2.2. Professionele maatskaplike dienste is belangrik

Hierdie gemeentes het ’n behoefte daaraan dat die NG Kerk binne die Noordelike Sinode gespesialiseerde maatskaplike dienste moet lewer. Gemeentes is ook geneig om hulle plaaslike CMR-kantoor finansieel te ondersteun. Volgens hierdie gemeentes is die grootste behoeftes ten opsigte van diakonale werk:

- Sorg aan ouerwordende persone
- Ondersteuning aan huishoudelike krisisse
- Werkskeppingsprojekte





3.2.3. <u>Ander algemene gevolgtrekkings:</u>

Daar is ook verskeie ander aspekte uitgelig:

- Gemeentes is geneig om in diakonale netwerke te werk.
- Die Noordelike Sinode kan help met die volgende:
    - Finansiële ondersteuning
    - Opleiding en toerusting
    - Netwerke
    - Uitklaring van die CMR se rol

3.3. Diakonale beraad

In 2026 het die SDR die volgende tree gegee met die opdrag aan ’n taakspan om verder oor effektiewe en volhoubare diakonaat te besin.

Die aanvanklike taakspan het besluit dat die Noordelike Sinode nie in isolasie oor hierdie uitdagings moet besin nie. Verskeie van hierdie uitdagings word oral in die NG Kerk, maar ook by ander kerklike maatskaplike organisasies, beleef. Op grond hiervan is die Oostelike Sinode, Hoëveld Sinode en Goudland Sinode genader vir ’n gesamentlike beraad. Die Sinode van Noord-Kaap het daarvan te hore gekom en versoek om dit as waarnemers by te woon.

Op 16 en 17 September 2026 is die Diakonale beraad by eMseni aangebied. 42 afgevaardigdes uit die vyf sinodes het die beraad bygewoon. Die beraad het ruimte geskep dat die afvaardiging na mekaar kan luister en saam dink oor die kerk se roeping om hoop, sorg en geregtigheid in gemeenskappe sigbaar te maak.

Die volgende temas is onder andere gedurende die beraad bespreek:

- die geskiedenis van die kerk se diakonaat sedert die stigting van die Transvaalse Sinode in 1866,
- die huidige strukture en bedieningsmodelle van die sinodes se diensorganisasies,

- die breër welsyns- en maatskaplike ontwikkelingslandskap,
- die nasionale ontwikkelingsplan,
- die gebrekkige verhoudinge tussen “kerk en organisasie”,
- alternatiewe befondsingsmodelle.

Daar was ook aanbiedings en gesprekke met ekumeniese vennote oor hulle diakonale modelle, uitdagings en sterkpunte.

Hoewel die beraad nie daarop gerig was om finale besluite te neem nie, het dit ’n belangrike proses van onderskeiding aan die gang gesit. Die volgende belangrike bevindings is gemaak:

3.3.1. “Kerk en organisasie” is kerk

Een belangrike tema wat deurlopend herhaal is, is dat “kerk en organisasie” ’n eenheid vorm en dat samewerking belangrik is. Gemeentes, ringe, sinodes, maatskaplike organisasies, kinderhuise, tehuise, rehabilitasiesentrums, ensovoorts, is almal verskillende gestaltes van dieselfde kerk. Daar is nie ’n ons-en-julle nie. Ons almal is besig met die werksaamhede van die kerk.

3.3.2. Daar moet nuut gedink word oor die strukture van ons diakonale bediening

’n Tweede belangrike tema was dat daar nuut gedink moet word oor ons gefragmenteerde en duur strukture, sodat effektiewe diakonale diens gelewer kan word met beter skakeling tussen “kerk en organisasie”. Dit is nie iets wat oornag kan gebeur nie, en daar is nog nie duidelikheid oor hoe so ’n alternatief kan lyk nie. Die eerste tree is egter die vestiging van ’n gesamentlike droom, waarmee die kerk haar diakonale bedienings aanpak.

3.3.3. Elkeen dra iets waardevols by

Derdens was dit duidelik dat die kerk ’n groot voetspoor het wat ’n impak op baie mense se lewens het. Sinodes, ringe, gemeentes en organisasies dra hiertoe by. Daar was ’n duidelike besef dat die “kerk en organisasie” mekaar nodig het. Beide het ’n unieke en belangrike bydrae.

3.4. Fokusareas

Die afgevaardigdes het ook vier fokusareas geïdentifiseer wat in die komende termyn aandag moet kry:

- ’n Gedeelde droom vir ons diakonale bediening.
- Herbesinning oor huidige strukture wat verlam, in plaas van bemagtig.
- Beter kommunikasie en ondersteuning tussen sinode, ringe, gemeentes en instansies.
- Samewerking met ander ekumeniese vennote.

3.5. Pad vorentoe

Die afgevaardigdes het hierdie beraad as ’n historiese oomblik beleef. Dit is die eerste keer sedert die ontbondeling van die destydse Transvaalse sinodes rondom 2002, waar ’n amptelike afvaardiging van al vier sinodes bymekaar kom om strategiese oor diakonaat te besin.

Die afgevaardigdes het die geleentheid bestempel as ’n eerste tree in ’n nuwe hoofstuk. Die geleenthede wat uit die voortsetting van hierdie proses kan voortvloei, kan van onskatbare waarde wees. Die gesprek kan nie hier eindig nie. Die fokusareas en ander knelpunte moet verder ondersoek word en daadwerklike planne moet ontwikkel word.

4. Verdere Optrede

Dit sou goed wees as die SDR, so gou moontlik in die nuwe termyn, ’n nuwe vorm van samewerking, skakeling, visie en ondersteuning tussen die verskillende gestaltes van die kerk se diakonale bedieninge, verder ondersoek.

Sien ook die volgende Addendums:

- **CMR-Noord**
- **SKDB-Maatskappy**